BESTUUR VAN DIE VERENIGING

Die volgende persone is tydens die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging op 26 Maart 2007 verkies om op die bestuur te dien. Die onderskeie streke word deur hul verteenwoordigers verteenwoordig, terwyl 'n verdere drie persone verkies is om koejawels in die algemeen te verteenwoordig.

STREEK	VERTEENWOORDIGERS
Porterville	C C van der Merwe
Paarl / Simondium	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	J J P Uys
Mosselbaai/Klein Brakrivier	B Robertson
Verkose Bestuurslede	C Grobbelaar W Visagie P J Malherbe

Die Vereniging word tans bestuur deur bogenoemde persone met mnre Cornell Grobbelaar en Dos Joubert (AJ) as Voorsitter en Vise-Voorsitter onderskeidelik. Die verkiesing van die nuwe bestuur sal tydens die Algemene Jaarvergadering op 14 April 2008 te Simondium gedoen word.

Maart 2008 No 24
Ma r

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association
Hoofstraat 258 Main Road ☎ [021 872-1501
PAARL
7646 Fax [021] 872-2675
Posbus 426 P O Box
PAARL
7620 **Redakteur/ Editor** **Wiehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uitnodiging : Jaarvergadering / Inligtingsdag	2
3.	Sakelys : Jaarvergadering	3
4.	Notule van vorige Algemene Jaarvergadering	4 - 10
5.	Bestuur van die Vereniging	11
6.	Nominasie van Bestuurslede	12
7.	Ledeheffings	13
8.	Plant Diseases & Pests on Guavas	14 - 15
9.	Bedryfsaangeleenthede	16

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 26 MAART 2007 OM 17:00 TE Le Bonheur, SIMONDIUM

1. OPENING

Mnr G Rossouw open die vergadering met gebed.

2. VERWELKOMING

Die Voorsitter, mnr Cor Grobbelaar verwelkom almal teenwoordig.

.

3. TEENWOORDIGHEID & VERSKONINGS

Die vergadering word deur 56 persone bygewoon.

VERSKONINGS

Mnr. Chris Viljoen

4. NOTULE VAN VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 10 April 2006 is aan die produsente voorsien. Die notule word as gelese aanvaar en mnr A J Joubert stel voor dat die notule korrek is. Dit word goedgekeur en onderteken.

5. SAKE UIT NOTULE

Geen sake uit notule word bespreek nie.

6. FINANSIëLE VERSLAG

Mnr Wiehahn Victor bespreek die geouditeurde state soos geeïndig op 28 Februarie 2007. Ouditeure was Strydom De Villiers Broodryk.
Die volgende uiteensetting word gegee.

	2006	2007
Vrywillige heffings	R74 762	R126 680
Rente	R22 725	R 22 332
Bedryfsuitgawes	R102 943	R101 341
Netto Surplus (-tekort) -	R 5 455	R 47 671
Balanstaat	R383 075	R439 163

Die state word goedgekeur en onderteken. (Mnr. B Hugo stel voor).
Daar is ± R24 000 uitstaande as debiteure.

Strydom De Villiers Broodryk word weer goedgekeur vir die volgende boekjaar as ouditeure.

Die heffings :

① Daar word weereens 'n beroep op produsente wat vars koejawels verkoop om hul heffing van R3-00 per ton vir die 2006-oesjaar te betaal.

② Die bestuur het besluit om die heffings onveranderd te los op :

R3-00 produsente
R3-00 verwerker

7. **BEDRYFSAANGELEENTHEDE**

7.1 Spuitstofmonsters

Die Bestuurder, mnr W Victor, hanteer die volgende bedryfsaangeleentede :

Ontledings vir 2006-seisoen :

Langeberg & Ashton Food	49
Boland Pulp	40
Del Monte	0
RFG	10
Suikerbekkie	0
Wellington Fruit Processors	38
TOTAAL	**137**

Geen oorskryfings het voorgekom nie**.**
Daar word ‘n beroep gedoen dat daar ‘n meer volledige lys van chemise spuitstowwe opgestel word. Bestuur sal aandag aan die saak gee.

7.2 Bemarking

Daar is besluit om saam met die verwerkers ‘n bemarkings komitee saam te stel wat generiese promosie op koejawels sal doen.

Hierdie bemarkingskomitee sal ‘n besigheidsplan opstel.

Daar sal ook na die volgende punte aandag gegee word.

[1] Ontwikkeling van internasionale mark
[2] Oorhoofse promosie wees
[3] Swak gehalte van sap en ander produkte op die rak
[4] Volhoubaarheid van inmaakproduk

Daar kan moontlike fondse by Departement Handel & Nywerheid verkry word.

7.3 Kleinboer /Opkomende Boer Ontwikkeling

Daar word bepoog om ‘n afspraak met Minister Dowry se kantoor ‘n afspraak te kry om die volgende punte te bespreek.

- Werkskepping
- Transformasie
- Kleinboer Ontwikkeling
- Elsenburg perseel.

8. **VOORSITTERSVERSLAG**

Die Voorsitter lewer ‘n insiggewende Voorsittersverslag en som die gebeure van die 2006-oesjaar op.

'n Rekord oes van 23 700 ton is gepluk. Dit is die grootste oes ooit wat aangeteken is en 1000 ton groter as 2005.

Hy gee die riglynpryse vir die 2007 koejawel-oes.
Inmaakgraad - R1450-00
Sapgraad - R1250-00

Hy wys net weer daaropdat dat hierdie slegs riglynpryse is en dat elke produsent self moet onderhandel.

Mnr. P J Malhelherbe stel voor dat die Voorsittersverlag korrek is en mnr A J Joubert sekondeer.
Hierdie verslag is by die kantoor verkrygbaar. (Dok. No. 1/2007)

Die Voorsitter word bedank vir sy entoesiasme en volgehoue dryf vir die Koejawelbedryf en jare se diens as Voorsitter.

BESPREKING

Die Bestuur word bedank vir die koejawelpraatjies oor die radio en ook vir die ander reklame.

9. GASSPREKER

Die gasspreker is mnr Kabous Mara van Pacmar. Hy lewer 'n baie insegewende verslag oor die sapmark.

Hierdie verslag is by die kantoor verkrygbaar.

10. VERKIESING VAN DIE BESTUURSLEDE

Die Bestuurder, hanteer die verkiesing van die bestuur van die onderskeie streke.
Mnr Victor rapporteer dat mnr. Kerr bedank het en dat 'n nominasie vir Wellington ontvang is. Mnr G R Joubert word aan die raad voorgestel.

Die Bestuurslede vir die streke word is as volg voorgestel :

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	B Robertson
Addisionele Bestuurslede	2	C Grobbelaar W J Visagie P J Malherbe

Mnr W Grobbelaar stel voor dat bogenoemde lede as verkose aanvaar word.
Almal is daarvoor.

11. ALGEMEEN

11.1 Bespreking

Geen punte word onder algemeen bespreek nie.

11.2 Afskeid

Daar word afskeid geneem van mnr Gawie Malherbe wat meer as 20 jaar op die Bestuur gedien het. Daar word ook 'n geskenk aan hom oorhandig.

Die vergadering verdaag on 18:55 en almal word genooi om aan die braaivleis deel te hê.

_____ _____

VOORSITTER **DATUM**

Bekommernis is die donkerkamer waar negatiewe ontwikkel word.

ALGEMENE JAARVERGADERING

OP **MAANDAG 14 APRIL 2008**

OM **17:00** TE

Le Bonheur, SIMONDIUM

SAKELYS

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Teenwoordigheid & Verskonings
4. Notule van vorige Algemene Jaarvergadering gehou op 26 Maart 2007
5. Sake uit Notule
6. Finansiële Verslag - Mnr Wiehahn Victor
7. Voorsittersverslag - Mnr Cor Grobbelaar
8. **Gasspreker** **- Mnr. Hans Van der Merwe**
   Uitvoerende Direkteur – Agri SA
9. Verkiesing van Bestuurslede
10. Algemeen

NOMINASIES VIR BESTUURSLEDE

Elke lid van die Koejawel Produsente Vereniging het reg tot nominasie van Bestuurslede. Vir die doel word 'n aparte nominasie vorm hiermee aangeheg.

Tans word die onderskeie streke deur een verteenwoordiger elk verteenwoordig. 'n Veredere aantal persone, tans drie, word deur die Algemene Jaarvergadering verkies om koejawels in die algemeen te verteenwoordig. Volgens die Grondwet van die Vereniging kan 'n maksimum van drie persone as verkose Bestuurslede verkies word.
Die Bestuur het dan die verdere reg tot koöptasie van twee lede.

Nominasie vorms moet behoorlik deur twee persone onderteken word. Gebruik u demokratiese reg!

Skriftelike getekende nominasies vir die bestuur kan gedoen word en moet die kantoor van die Vereniging voor die vergadering bereik.

LEDEHEFFINGS

Graag wil die Vereniging hiermee 'n ernstige beroep op sy lede doen om hul uitstaande ledeheffings vir 2007 te betaal. Ledeheffings vir koejawels gelewer aan verwerkers, vir 2007 is ontvang, maar ledeheffings vir vars verkope van koejawels is grootliks uitstaande.

Die heffing vir 2007 was R3-00 per ton koejawels vanaf die produsent en R3-00 per ton vanaf die verwerkers. Aangesien die verkope van vars koejawels 'n privaat transaksie is, vra die Vereniging dus 'n betaling van R3-00 per ton wat direk aan die Vereniging gedoen moet word.

Die ledeheffing vanaf produsente word benodig om die funksies van die Vereniging en die bedryfsbelange te bevorder. Onder andere be-oog die Vereniging om generiese promosie van koejawels te doen en fondse word hiervoor benodig.

Produsente met uistaande ledegelde vir 2007 moet dit asseblief tydens die Algemene Jaarvergadering vereffen of in die Vereniging se rekening inbetaal :

Bank besonderhede :

BANK	:	ABSA Bank
TAK	:	Paarl
TAK KOSE	:	33 42 10
REKENING NOMMER	:	400 159 459
NAAM VAN REKENING	:	Koejawel Produsente Vereniging

BEDRYFSAANGELEENTHEDE

SPUITSTOF ONTLEDINGS

Die Vereniging wil produsente weereens herinner dat monsters vir chemiese spuitstof ontleding getrek sal word in die komende seisoen. Alle lewerings van koejawels sal hieraan onderhewig wees en u ernstige aandag aan die saak is nodig.
Vir dié doel word die geregistreerde chemiese middels vir gebruik op koejawels in hierdie nuusbrief ingesluit.
Die bedryf gaan ook hierdie jaar vir swaar metale ontledings doen.

GENERIESE PROMOSIE

Die Vereniging ondersoek tans die moontlikheid om koejawels generies te promofeer. 'n Markstrategie om die gebruik van koejawels te bevorder word deur 'n konsultant ondersoek. Belanghebbendes in die bedryf sal op die voorlegging reageer om korttermyn, sowel as langer termyn opsies te oorweeg.

ALGEMENE JAARVERGADERING & INLIGTINGSDAG

Wanneer? Maandag 14 April 2008
Waar? Le Bonheur, Krokodilplaas, Simondium
Tyd? 17:00
Vleisbraai na afloop van die vergadering

SIEN U DAAR!!!!!!

UITNODIGING

U word hartlik uitgenooi na die

Algemene Jaarvergadering & Inligtingsdag

van die

Koejawel Produsente Vereniging.

DATUM : **Maandag, 14 April 2008**

TYD : 17:00

PLEK : Le Bonheur
Crocodile Farm
Simondium

ETE : Vleisbraai
Na afloop van die vergadering

GASSPREKER : **Mnr Hans Van der Merwe**
Uitvoerende Direkteur – Agri SA

RSVP : **Vóór Woensdag 9 April 2008**
Telefoon : [021] 8721501

[Roetekaart is bekikbaar]